BenguFarm™

ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE

BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

Nuusbrief 1/2022

25 April 2022

In hierdie Nuusbrief:

- **Nuwe opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Mobile toep opgradering beskikbaar**
- **Nuwe Genetics opgradering beskikbaar**
- **Wat is nuut in die nuutste opgradering?**
- **Opleidingskursusse**
- **Nuwe handleidings beskikbaar**
- **Wenke:**
    - **Teel- en KI bulle/ramme**
    - **Bulle/ramme wat in meer as een kudde gebruik word**

Om vorige nuusbriewe te sien, gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Newsletter.

Nuwe Opgradering – BenguFarm BEEF, SHEEP & GOATS, GAME en PIGS

Daar is die afgelope vyf maande talle nuwe funksies en verslae ontwikkel. Sien Wat is Nuut? hieronder vir meer inligting.

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v21 April 2022) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies en verslae in BenguFarm kan gebruik en die meeste waarde uit jou program kan kry.

- **Om jou BenguFarm te opgradeer met die web-opdaterings funksie in BenguFarm**, gaan, terwyl jou rekenaar aanlyn is, in BenguFarm na **Lêer > Opgradeer vanaf Web** en volg die instruksies.
- Indien jou BenguFarm-weergawe nog *vóór* v16 Jul 2018 is (die weergawe datum word bo-aan die BenguFarm hoofskerm vertoon), kontak jou BenguFarm agent vir hulp om die nuwe weergawe te installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm MOBILE

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v12 April 2022) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.

- **BenguFarm MOBILE vir Android**: Regs bo-aan die BenguFarm Mobile se hoof kieslys, druk op die drie kolletjies en kies Check for Update **OF** gaan op die Android foon / tablet na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die 12 April 2022 weergawe van BenguFarm MOBILE vir Android.
- **BenguFarm MOBILE vir Apple**: 'n Apple selfoon of tablet sal outomaties die nuutste opgradering aflaai en installeer.

Nuwe Opgradering – BenguFarm GENETICS

Installeer asseblief die nuwe opgradering (v21 April 2022) om te verseker dat jy al die nuwe en verbeterde funksies kan gebruik.

- Maak eers seker dat jy die nuutste weergawe van die module BEEF/SHEEP & GOATS/GAME geïnstalleer het – sien hierbo.
- **Om jou BenguFarm GENETICS module te opgradeer,** gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Updates. Laai af en installeer die 21 April 2022 weergawe van BenguFarm GENETICS.

Wat is nuut in die nuutste opgradering?

All modules:

- Belangrik: Tru-Test XR5000 Integrasie skerm: "Verwyder Diere met Onaktiewe EIDs vanaf Skaal" funksie bygevoeg om diere wat 'n EID op die skaal het maar daardie EID kom nie in hierdie databasis van BenguFarm voor nie, vanaf die skaal uit te vee.
- Belangrik: Verslae > Dekkings en Dragtighede: Opsie "Dragtigheidsondersoek Tussen [datum] tot [datum]" bygevoeg om dragtighede te kies ongeag of dekkings aangeteken is of nie.
- My Verslae > Verslag Kolomme > Reproduksie en Nageslag Gemid: Laaste Kalf/Lam en Laaste Sogende Kalf/Lam: Geslag is bygevoeg.
- Bulle/ramme gemerk as Sigbaar vir Reproduksie in ALLE kuddes kan nou as die vader op die DNA Geverifi-eerde Ouerskappe skerm gekies word.
- Nuwe (2022) pryse vir Unistel DNA Diensaanvraag vorm.
- My Verslae > Verslag Kolomme > Reproduksie en Nageslag Gemid. > Laaste Sogende Kalf/Lam: Status veld bygevoeg.
- Siekte Toetse verslag: Koste kolom bygevoeg.

Beef en Sheep & Goats modules:

- Belangrik: Hoofskerm > Kudde Uitleg > Vertoon Opsies:
  - Stel Verligting en Rangwaardes Op: 'n Swak Produserende Koeie/Ooie uitleg is nou beskikbaar.
  - Stoor Uitleg As: Die volgende vier alternatiewe uitlegde is nou beskikbaar:
    - Dekkings en Dragtigheid
    - Reproduksie en Nageslag
    - Gewigte en Gewig Indekse
    - Wol en Lineêre Punte (slegs Sheep & Goats module).
- Belangrik: APR500/600 en AWR300 EID Lesers data intrek:
  - "Trek Lammings/Kalwings in al kan Moeder nie Gevind Word Nie" is nou by verstek gemerk by kuddes wat nog nooit die funksie gebruik het nie.
  - "Outo kanselleer EIDs van bestaande diere met dieselfde EIDs as dié van nuwe lammings/kalwings" is vanaf die Gevorderde Opsies na die Algemene Opsies geskuif en is nou by verstek gemerk.
  - Die hoofskerm se dier kieslys verfris nou outomaties wanneer uit die APR skerm toegemaak word sodat nuwe diere dadelik sigbaar is en verwyderde diere is nie in die lys nie.
- Potensiale Probleme met Dekkings skerm: 'n Opskrif is bygevoeg om beter uit te lig "aanvaar" is op alle dekkings van toepassing en "Behou"/"Verwyder" is addisionele opsies spesifiek vir duplikaat dekkings. Die betrokke dekking sal met 'n lyn doodgetrek wees indien "Aanvaar" nie gemerk is nie.

- Die Bestaande Dekkings (deklys) verslag druk nou die skenker koei/ooi waar die dekkings wat ingesluit word, almal embrio inplantings is.
- Teelkuddeseleksie verslag: 'n Ekstra ry met totale van diere wat die norms oorskry is bygevoeg.
- Prestasietoetsing: 'n Nuwe skerm "Melkdata" is bygevoeg om melkdata vir kuddes wat gemelk word aan te teken.
- 'n Melkdata verslag is bygevoeg [Verslae > Gewigte, Mates, Prestasietoetsing en Teelwaardes > Melk Produksie Opsomming].
- Ovakron byvoeg by die lys van sinchronisasie produkte.

Beef module:

- Belangrik: Die nuwe teelwaardes soos deur Stamboek bereken trek nou in BenguFarm in en word vertoon op die hoofskerm se Dier Uitleg en Kudde Uitleg asook op My Verslae, Veilingskatalogus verslag en Teelkudde Seleksie verslag.
- Belangrik: Genomiese resultate kan nou direk vanaf Logix ingetrek word [Logix Direk > Trek Genomiese Resultate In].
- Belangrik: Die nuwe Bonsmara veilingskatalogus uitleg verslag is bygevoeg.

Sheep & Goats module:

- Belangrik: Hoofskerm > Dier Uitleg:
    - Nageslag opkykskerm: By ooie vertoon lammers van dieselfde lamming op dieselfde agtergrondkleur met lyne tussen lamdatums om dit makliker te maak om meerlinge te onderskei.
    - Woltoets opkykskerm: Uitleg is verander sodat dit nou tot 10 skeerrekords langs mekaar vertoon.
- Belangrik: Wolontleding resultate soos veseldikte en stapellengte kan nou inlees word op die Woldata vir Prestasie-toetsing skerm.
- Diensverskaffer (Logix)-berekende inteelpersentasies word nou vertoon op die hoofskerm > Dier Uitleg > Teelwaardes (heel onder) en kan nou ook gekies word om te vertoon in My Verslae > Verslag Kolomme > Algemeen > Inteel % (Diensverskaffer Bereken).
- Cameroon Dwergbok byvoeg tot die raslys.

Game module:

- Belangrik: Hoofskerm > Kudde Uitleg > Vertoon Opsies > Stoor Uitleg As: Die volgende twee alternatiewe uitlegde is nou beskikbaar:
    - Dekkings en Dragtigheid
    - Reproduksie en Nageslag.

Mobile toepassing ("app"):

- Belangrik: 'n Afrikaanse taalopsie is bygevoeg. Om die taal te verander, gaan na "Advanced Options" > "Language", kies Afrikaans en druk die "Save" knoppie. Maak die toep toe en weer oop om die Afrikaanse hoofskerm te sien.
- Belangrik: 'n Tel Groep ("Count Group") funksie is bygevoeg op die tuisskerm. Met hierdie funksie kan diere in 'n gekose kamp of groep getel word. Diere kan ook afgemerk word om te bepaal watter dier(e) kort indien die aantal getel nie ooreenstem met die aantal wat daar behoort te wees nie. Dit is 'n baie handige funksie om vining en maklik inventaris ("stock take") te doen van diere in 'n kamp of groep.
- Belangrik: Die nuwe teelwaardes soos deur Stamboek bereken is trek nou beskibaar in die Vertoon > Teelwaardes ("View > Breeding Values) skerm.
- Sommige van die hoof funksies se name is verander.
- Sinchronisasie ("Synchonisation") taak skerm: Velde om Koste en Opmerkings aan te teken is bygevoeg. Indien hierdie velde nie verskyn op die aantekenskerm nie, gaan na Verander Take ("Edit Tasks") > Sinchrinisasie en skakel Aktief aan by die hierdie twee velde.
- As die ID-nommer te lank is om bo-aan die View-skerm in te pas, sal dit in 'n aparte reël vertoon.

Genetics module:

- Belangrik: Die Genetic nuwe teelwaardes soos deur Stamboek bereken vir vleisbeeste is nou beskikbaar.
- Die Genetics module se handleiding kan nou vanuit die Help menu afgelaai en oopgemaak word.

Opleidingskursusse

Ken jy en jou personeel die BenguFarm program goed genoeg om dit ten volle te benut vir dag-tot-dag bestuur, seleksie, teling en bemarking? Indien nie, oorweeg dit dan om een van die volgende BenguFarm opleidingskursusse by te woon of te laat bywoon deur jou personeel:

BEEF module:

- Inleidende kursus 3-4 Mei 2022, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 5-6 Mei 2022, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 24-25 Mei 2022, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 26-27 Mei 2022, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 7-8 Junie 2022, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 9-10 Junie 2022, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 26-27 Julie 2022, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 28-29 Julie 2022, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 23-24 Augustus 2022, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 25-26 Augustus 2022, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

SHEEP & GOATS module:

- Inleidende kursus 3-4 Mei 2022, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 5-6 Mei 2022, Vryburg. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 24-25 Mei 2022, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 26-27 Mei 2022, Cradock. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 7-8 Junie 2022, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 9-10 Junie 2022, Pretoria. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 26-27 Julie 2022, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 28-29 Julie 2022, Paarl. Aanbieding in Afrikaans.
- Inleidende kursus 9-10 Augustus 2022, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.
- Gevorderde kursus 11-12 Augustus 2022, Bloemfontein. Aanbieding in Afrikaans.

GAME module:

- Kontak asseblief vir Leslie Bergh by 082 801 2026 indien jy belang stel om 'n opleidingskursus by te woon.

Indien jy belang stel om een van hierdie kursusse self by te woon of van jou personeellede te stuur, kontak Mnr. Leslie Bergh by 082 801 2026 of stuur ’n epos na bengufarm@gmail.com en dui aan in watter kursus jy belang stel. Hy sal dan vir jou die betrokke kursus se besprekingsvorm met die besonderhede van die kursus stuur. Die besprekingsvorms is ook beskikbaar by www.bengufarm.co.za > Training.

Indien jy belang stel in individuele opleiding of aanlyn opleiding of ‘n kursus in ‘n ander streek, kontak ons sodat ons kan bespreek watter opleidingsopsie die beste is vir jul behoeftes.

Kurusdatums vir ander streke sal later gefinaliseer word.

Nuwe handleidings

Die handleidings van die BEEF, SHEEP & GOATS en GAME modules asook die MOBILE toep is opgedateer om al die nuwe en verbeterde funksionaliteite en verslae in te sluit. Om die nuutste weergawe van die betrokke BenguFarm handleiding af te laai, gaan in BenguFarm op die hoofskerm na Hulp > Afrikaanse/Engelse Handleiding OF gaan na www.bengufarm.co.za > Downloads > Manuals.

Wenke

Teel- en KI bulle/ramme:

Om jou teelbulle/ramme en KI-bulle/ramme te merk as teel/KI bulle/ramme, gaan na Diere > Voeg by en Verander (Enkel dier uitleg) > Algemene Data, merk ("highlight") die betrokke bul/ram, merk die veld "Teel/KI Bul/Ram" en kliek Stoor. Bulle/ramme gemerk as 'n teelbul word apart in die kategorie "Teelbulle/Teelramme" gelys op die hoofskerm se Kudde Uitleg in die Kategorie kolom asook in die Diergetalle en -waardes verslag. Die teelbulle/ramme word ook bo-aan die lys van bulle/ramme gelys wanneer dekkings aangeteken word. **Let wel:** Hou die status van KI bulle/ramme as Onaktief om te verseker dat hulle nie ingesluit word in jou kuddelys nie

Bulle/ramme wat in meer as een kudde gebruik word:

Indien 'n bul/ram gebruik word in meer as een kudde (bv. stoet en kommersieel) **wat op dieselfde databasis** is, gaan na Diere > Voeg By en Verander Diere (Enkel Dier Uitleg) > Algemene Data en merk die veld "Sigbaar vir Reproduksie in Alle Kuddes" en kliek Stoor. 'n Bul/ram wat só gemerk is sal in die ander kudde(s) op die Dekkings skerm beskikbaar wees in die lys van bulle/ramme om te kies as die bul/ram en by Kalwings/Lammings om te kies as die vader van 'n kalf/lam. Die bul/ram sal egter nie in die ander kudde(s) gelys word as 'n aktiewe dier in die kuddelys nie.

oooOOOooo